# S P J J van Rensburg, hoogleraar 1963-1972

J J Engelbrecht
Universiteit van Pretoria

Abstract
S P J J van Rensburg, professor 1963-1972

The aim of this article is to take a look at Van Rensburg as a theologian. He was a conservative theologian in the sense that he wanted to serve the church of Christ by his scientific study of the Bible. He was greatly influenced by 'Continental Theology', especially as practiced by renowned German scholars. He was neither a fundamentalist nor over-enthusiastic about Bultmann's idea of demythologising the New Testament.

## 1. INLEIDING

Sarel Petrus Johannes Janse van Rensburg is gebore op 20 April 1907 en oorlede op 26 Augustus 1974. Hy behaal die grade BA en DD en is hoogleraar in die Nuwe-Testamentiese Wetenskap aan die Universiteit van Pretoria vir die tydperk 1963-1972.

Wat is die plek van Van Rensburg in die teologiese wêreld van sy tyd? Was hy teologies Amerikaans of Vastelands georiënteerd? Was hy Ortodoks-Gereformeerd of liberaal? Was hy iets tussen-in? Was hy in lyn met die tradisie van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika? Wat was die eksegetiese metode wat hy by voorkeur gebruik het? Hierdie soort vrae duik op wanneer veral gepoog word om Van Rensburg as teoloog te identifiseer en miskien versigtig te evalueer.

Hierdie vrae kan miskien beantwoord word deur so ver as moontlik vas te stel wat hy oor bepaalde aspekte van die teologie gedink het, byvoorbeeld oor die Christologie, die ekklesiologie ensovoorts.

Ondergeskik aan hierdie hoofdoel van die ondersoek word ook enkele biografiese opmerkings gemaak, aangesien dié soort gegewens ter sake is by geleentheid van die Fakulteit Teologie (Afd A) se vyf en sewentigste verjaardagviering.

### 1.1 Karaktertrekke en biografiese besonderhede

Na sy ordening op 5 Augustus 1932, het hy die volgende gemeentes bearbei voordat hy as professor in en hoof van die Departement Nieu-Testamentiese Wetenskap in die Fakulteit Teologie (Afdeling van die Ned Herv Kerk) aan die Universiteit van Pretoria aangestel is: Eendracht 1933-1942, Randpoort 1942-1947, Potchefstroom 1947-1948, Potchefstroom-Noord 1948- 1950 en Pretoria 1950-1963. In 1972 aanvaar hy emeritaat (vgl Almanak 1992:155).

Hierdie groot en frisgeboude familielid van die bekende Siener van Rensburg het arm en hard grootgeword in Makwassie se wêreld in die Verre Wes-Transvaal. Dat die lewe nie maar net een groot piekniek is nie, het hy vroeg al ontdek. Mede as gevolg van dié insig, was hy altyd bekend as 'n baie harde werker. Dit het egter nie voorkom dat hy ook as atleet en veral as rugbyspeler bekendheid verwerf het nie.

In die gemeentes waar hy gedien het, het hy hard gewerk in die studeerkamer, maar ook wat die wye spektrum van ander gemeentewerk betref, sy deel bygedra. Hy wou nie die soort predikant wees wat oral en altyd iets te sê het en graag in die kalklig wou wees, maar intussen sy dagtaak in die gemeente skromelik verwaarloos nie. Daarteenoor was hy egter ook nugter genoeg om te besef dat daar maar altyd 'n groot kloof tussen ideaal en werklikheid bestaan.

Die genade van Bo het nooit ontbreek nie, maar dorings op die pad van hierdie man was deur die jare heen opvallend volop. Afgesien van finansiële- en later ook gesondheidsprobleme, kan die volgende voorbeeld genoem word: As 'n mens hoor watter werkopgawe vir hom gegee is met die oog op die doktorale eksamen, kan 'n mens maar net die kop skud in verwondering en met baie vrae oor die motiewe.

Sy vrou Francois (geb Grobler) het hom tot die einde van sy lewe getrou en liefdevol bygestaan as lewensmaat. Die twee kinders uit die Van Rensburg-huwelik is nog steeds kerklik aktief: Nico is predikant op Hendrina en Marianna is getroud met dr A J G Dreyer, predikant van Kaapstad. Dit sê iets oor die atmosfeer en opvoeding waaraan hierdie kinders in hulle ouerhuis blootgestel is.

Sy oud-studente praat met groot waardering van die deeglikheid waarmee hy sy lesings voorberei en op hulle vrae geantwoord het. Wie die geskiedenis van die Fakulteit 'n bietjie ken, sal onthou dat Van Rensburg aangestel is na 'n geweldig stormagtige tyd in die Fakulteit en in die besonder in die Departement Nieu-Testa-

mentiese Wetenskap. Studente het dit geniet om so indringend en tog sonder hewige polemiekvoering, met die teks van die Nuwe Testament besig te wees (vgl Botha 1967:24-38).

Om redes wat in baie opsigte buite sy beheer was, het geen student onder sy leiding gepromoveer nie, hoewel meer as een wel met die doktorale studie besig was.

Hy het nie veel gepubliseer nie. Die feit dat hy so laat in sy lewe eers 'n doseerpos aanvaar het en dit op 'n leeftyd toe sy gesondheid reeds 'n knou weggehad het, het seker 'n rol gespeel. Hy was egter ook nie die soort man wat daarvan gehou het om kort-kort ondeurdagte en sensasionele uitsprake te maak om aandag te trek en lekker te stry nie. Trouens, juis omdat hy so diep bewus was van sy verantwoordelikheid as predikant en as leermeester, het hy soms amper irriterend huiwerig op 'n vraag gereageer.

Hy was geweldig beïndruk deur die Duitse teoloë en ook deur Bybelwetenskaplikes soos Gemser en Van Selms. Ook vir iemand soos C H Dodd het hy besonder hoë agting as vakman gehad (vgl Van Rensburg 1958b:7). Hy was nie bang dat wetenskaplike bestudering van die Bybel die gesag van die Bybel sou ondermyn nie. Dit blyk uit die wyse waarop hy in sy proefskrif en ander wetenskaplike werk van hulle kennis en insig gebruik gemaak het, asook uit talle gesprekke wat skrywer deur die jare heen met hom in sy huis gevoer het (vgl ook Van Rensburg 1966:48-49).

Hy wou teoloog in die kerk en vir die kerk wees. In die kerk is daar nog baie wat hom met waardering onthou.

## 2. EKSEGETIESE WERKMETODE

Sy eksegetiese werkmetode was soos dit destyds gebruiklik in die Fakulteit was, histories-grammatikaal, hoewel literêr-kritiese aspekte tog ook aandag gekry het. Dit kan moontlik 'n interessante studie word om Geyser (vgl Kommissie van die Algemene Kerkvergadering: Notules en Bylaes en Bandopnames i v m Geyserverhoor 1961-1962), Van Rensburg (vgl Kommissie van die Algemene Kerkvergadering: Notules 1961-1962 en Bandopnames van Geyser-verhoor: Vol II:401-800; Vol III: 801-1200; Vol VII:2401-2672) en Pelser (1971) – Van Rensburg se opvolger – se werkmetodes en studieresultate in verband met die eksegese van Filippense 2 met mekaar te probeer vergelyk. Die eksegese van hierdie Bybelgedeelte het 'n belangrike rol in die geskiedenis van die Departement Nuwe-Testamentiese Wetenskap (Afd A) aan die Universiteit gespeel.

In antwoord op 'n vraag van prof A P Grove tydens 'n Kuratoriumvergadering of 'n dogmatikus gebind is aan die belydenis, maar die eksegeet nie, het Van Rensburg volgens sy eie notas (aanvullend) geantwoord:

> Geen teoloog kan as losstaande individu na die Skrif kom, los van kerk en belydenis nie. Dit beteken nie dat ons 'n kerklike eksegese soos Rome voorstaan nie, maar wel dat niemand los van die kerk en belydenis na die Skrif kan kom nie. Die kerk bestaan nie uit geleerdes nie, maar uit gelowiges in Christus. Die kerk het geleerdes, en die geleerdes staan in diens van die kerk, oa. om die teologiese arbeid aan die kerk te dien. As die eksegeet hom nie aan die kerk en belydenis gebonde ag nie, maar homself stel bo die belydenis, dan stel hy homself buite die kerk. Vir wie dien hy dan?
>
> (Van Rensburg 1961: Notas)

Hiermee het Van Rensburg uiters belangrike sake raakgesien en tot uitdrukking gebring. Iemand wat nie glo in die God wat deur die Bybel verkondig word of dat die Bybel 'n Godgegewe boek is met behulp waarvan 'n mens die ware God reg kan leer ken en dien nie, word nie deur die kerk as geskik beskou om aspirant predikante op te lei in die eksegese van die Skrif nie. 'n Mens sou ook verder kon gaan: Vir die Nederduitsch Hervormde Kerk was ook die Heidelbergse Kategismus, die Dordtse Leerreëls en die Nederlandse Geloofsbelydenis nog altyd belangrik. Dit was en is die belydenisskrifte van die kerk. Tegelykertyd leef die oortuiging in die Hervormde Kerk dat die Skrif altyd belangriker is as die belydenisskrifte en dat die belydenisskrifte dus in beginsel altyd weer toetsbaar is aan die Skrif. As 'n botsing uitgewys kan word, moet die belydenisskrif verander of herinterpreteer word in ooreenstemming met die Bybel. Die eksegeet mag dus nie toelaat dat die belydenisskrif vir hom voorskryf wat hy in die Bybel moet lees en hoe hy 'n teks moet interpreteer nie. Om ook ernstig en krities aandag te skenk aan die wyse waarop 'n bepaalde Bybelgedeelte in die belydenisskrif geïnterpreteer word, is natuurlik 'n ander saak.

Van Rensburg het dit klaarblyklik ook so verstaan (vgl Van Rensburg 1959:6-7). Teen die einde van hierdie artikel by die opmerkings oor Van Rensburg se plek in die teologie, word verder aan hierdie saak aandag geskenk. Hóé die bely saam met die kerk en soos die kerk in die praktyk deur die eksegeet gekoppel moet word aan die eerlike, wetenskaplike toets van die belydenis aan wat in die Bybel staan, is natuurlik nie altyd so 'n eenvoudige saak nie! Dit het byvoorbeeld ten oorvloede geblyk uit die leertugsaak teen prof A S Geyser in die sestigerjare (vgl Kommissie van die Algemene Kerkvergadering: Notules en Bandopnames 1961-1962).

## 3. PROEFSKRIF EN ANDER PUBLIKASIES

### 3.1 Proefskrif

Van Rensburg se lywige en hoogstaande doktorale proefskrif het gehandel oor *Hagios in die Nieu-Testamentiese voorstelling* (Van Rensburg 1958a). Dit is 'n deeglike en omvattende werk van 478 bladsye, wat ongelukkig nie gepubliseer is nie. Sy proefskrif is 'n stuk wetenskaplike arbeid van formaat. Daaruit blyk ook dat hy wyd belese was. Volgens A J G Dreyer (1972:9) het prof van Stempvoort van Groningen in 'n resensie van hierdie proefskrif verklaar dat dit jammer is dat hierdie standaardwerk nie gedruk en vertaal kon word nie.

In vergelyking met die Nederlandse teoloë, was hy nie eties nie. Hy kan eerder as midde-ortodoks bestempel word, aldus A D Pont (1991).

Anders as die indruk wat 'n mens soms in die klas van sy voorganger (A S Geyser) gekry het, lyk dit nie of Van Rensburg enigsins geesdriftig was oor Bultmann se pogings om die Nuwe Testament te ontmitologiseer nie. Verskillende sake wat ook tans baie aktueel is, word daarin hanteer, soos byvoorbeeld God die Heilige, Jesus Christus die Heilige van God, die Heilige Gees in die kerk en in die gelowiges, die heilige algemene Christelike kerk, die heiliging van die heiliges ensovoorts.

Soos dit destyds gebruiklik was, word in sy proefskrif heelwat aandag geskenk aan die etimologie van die Griekse en Hebreeuse terme wat ter sprake is. Daarom is dit baie interessant dat hy hom reeds toe al bewustelik vasgeloop het teen die beperkte waarde van dié soort ondersoek vir die eksegese. So wys hy daarop dat die betekenis van קדש en verwante vorme etimologies glad nie met sekerheid vasgestel kan word nie. Die woord קדש/ἅγιος en verwante vorme het volgens hom in die Bybel nie 'n 'enkelvoudige en onveranderlike betekenis nie, maar het daarin 'n ryke variasie van toepassinge en betekenisse gevind, waarin telkens op een of ander manier die betekenis van "afsondering", "skeiding" na vore kom' (Van Rensburg 1958a: 392-393). Daarom het hy gepoog om die hele kompleks van hierdie betekenisse en toepassinge van ἅγιος en verwante vorme in die Nuwe Testament na te spoor om met behulp daarvan die Nuwe-Testamentiese heiligheidsvoorstelling in sy samehang en verskeidenheid te beskryf (vgl Van Rensburg 1958a:393).

In die *Slotwoord* van sy proefskrif stel hy onder andere dat

> deur die heiligheidsvoorstelling tot sy reg te laat kom, word in die Christelike verkondiging die religieuse diepte en bewoënheid gehandhaaf teenoor die gevaar van rasionalistiese verstarring in die eensydigleerstellige en die gevaar van moralistiese vervlakking, maar ook die gevaar van gemaklike vertroulikheid wat gebore word uit die oormoed van die mens. Verder word die regte verstaan bevorder van die antropomorfe uitdrukkinge in die Bybel, wat nie 'n vermensliking van

> die Christelike Godsbeeld bedoel nie, maar wil sê dat God nie die filosofiese God volgens die leer van die ἀπαθεία is nie, maar dat Hy die lewende God is, en dat die toorn, oordeel en grimmigheid van sy heilige ywer die keersy is van die ywer van sy heilige liefde. Die ywer van Gods heiligheid is in die Nuwe Verbond nie minder as in die Ou Verbond nie, maar oneindig meer, vgl Hebr. 10:29v., in liefde en ontferming, maar ook in toorn en oordeel.
>
> (Van Rensburg 1958a:451)

Van Rensburg verstaan die saak dus ook soos prof H P Wolmarans dit dikwels in die klas gestel het: God het ons lief, maar Hy word vir ons nooit 'ou Boet, ou Maat' nie! Hierin was die twee professore geesgenote wat die studente gedurig gewaarsku het teen familiariteit met die Heilige.

Van Rensburg se twee laaste sinne in sy proefskrif lui soos volg: 'Want hoe duideliker hierdie heilige liefde aan ons geopenbaar word, hoe meer staan ons voor die onbegryplike en ondeurgrondelike wonder daarvan. Ook in die openbaring bly dit die "geheel-andere" heilige, Goddelike liefde' (Van Rensburg 1958a:452).

Van die belangrikste gevolgtrekkings waartoe Van Rensburg in sy proefskrif kom, is in kernagtige en verwerkte vorm te vind in die eerste band van *Neotestamentica* (Van Rensburg 1967a:73-87; vgl ook 1970a:18-28).

### 3.2 Intreerede

Teen die einde van sy professorale intreerede stel hy

> dat ons in die Saligsprekinge, soos ook in die Bergrede, nie te doen het met moraalprediking of met 'n hooggespanne interimsetiek, of met 'n hoë etiek wat slegs vir volmaaktes bedoel is nie, maar met Godsrykverkondiging, waar die Messias as brenger van die koninkryk Self aan die woord is...Dit gaan in die Bergrede en in die Saligsprekinge nie om wet en reël en gebod nie maar om evangelie, aankondiging, om aanbod van die Messias self, dat die beloofde koninkryk daar is, in sy Persoon in beginsel gekom het, en straks in volle heerlikheid aan die lig sal tree...Die enigste imperatief wat ons hier verneem, is die imperatief wat rus in die indikatief van die genade wat ons ontvang het, die imperatief wat vir ons sê: Word en wees, wat jy deur Gods genade reeds is!
>
> (Van Rensburg 1967b:10-11)

Hieruit, soos uit sy lewe, blyk dat hy hierdie Bybelgedeelte nie sien as 'n verskoning vir passiewe geloofsquiëtisme nie (vgl Van Rensburg 1967b:10-11).

### 3.3 Ander publikasies

In die res van hierdie artikel gaan afsonderlike publikasies van Van Rensburg nie bespreek word nie, maar sal eerder kortliks gewys word op Van Rensburg se opvattings oor enkele teologiese sake.

## 4. CHRISTOLOGIE

Wat die Christologie van die Nuwe Testament betref, skenk Van Rensburg in sy lesings taamlik breedvoerig aandag aan die bespreking van die werke van Sevenster (1948), Cullmann (1957) en Taylor (1962). Met verwysing na genoemde outeurs se werke, stel hy dat hy die term 'Christologie' nie gebruik in die sin dat die waardigheidstitels 'Messias' en 'Christus' alles daarmee te doen het nie. Vir hom gaan dit om alles wat betrekking het op die persoon en werk van Christus in sy enigheid.

Hier volg enkele aanhalings uit klasaantekeninge wat hy vir sy studente gegee het:

> Die voorwerp van die Christologie is Jesus Christus, sy persoon en sy werk...Die belangstelling van die oudste gemeente was...eerder Christologies as teologies...Die oudste belydenisse was Christologies ingestel...Die werk van Christus betrek sig nie alleen op die verlossing nie, maar ook op die skepping. Die oudste geloofsformules bevat byna almal net een artikel: die Christologiese. Vergelyk byvoorbeeld Filippense 2:11...Handelinge 19:15.

In hierdie stuk sluit Van Rensburg nou aan by Cullmann (1942).

> Inderdaad neem Christologie in die Nuwe-Testamentiese Teologie 'n sentrale plek in. Dit blyk hieruit dat ons nie van God of die Heilige Gees of van die gemeente of van die eskatologie kan spreek nie sonder dat ons daarmee van Christus moet spreek...Die latere Christologiese stryd in die kerk het byna uitsluitlik gegaan oor die persoon en nature van Christus, enersyds in sy verhouding tot God, andersyds in die verhouding van die Goddelike tot die menslike natuur van Christus...In die Nuwe Testament word nooit van die persoon van Christus gespreek sonder dat tegelyk gespreek word oor sy werk nie...Die

> Nuwe-Testamentiese vraag Wie is Christus, is nie in die eerste instansie 'Wat is sy natuur?' nie, maar 'Wat is sy funksie, sy werk?'....
>
> (Van Rensburg 1970b:1-5)

## 5. KERKBEGRIP (EKUMENIESE BEWEGING)

Van Rensburg was nie kerkisties nie, maar naïef-geesdriftig oor die ekumeniese beweging was hy beslis ook nie. So waarsku hy dat daar in

> die sterk ekumeniese strewe van ons tyd, in die drang na eenheid op allerlei gebiede...die gevaarlike neiging (skuil) om die eenheid van die kerk te wil realiseer as 'n mensgemaakte eenheidsorganisasie, sonder en ten koste van die eenheid van die geloof, sonder die eenheid in die Gees, die eenheid wat in Jesus Christus geskenk is. Hierdie uiterlike organisatoriese eenheidsdrang is op pad na Rome.
>
> (Van Rensburg 1966:61)

In dieselfde artikel waarsku hy ook teen die tendens om die koninkryk van God mis te verstaan 'as 'n diesseitige Utopia wat deur die mense geskep word, 'n gemeenskap vry van armoede, sorge en nood, die koninkryk van die Social Gospel. Maar so word die eskatologiese perspektief van die Nuwe Testament en daarmee die hoop en troos van die Christelike geloof prysgegee...'(Van Rensburg 1966:61; vgl ook 1965a, 1943).

## 6. ESKATOLOGIE

Hoewel Van Rensburg groot waardering vir Dodd se werk oor die eskatologie gehad het (vgl Van Rensburg 1958b), was hy tog ook krities ingestel teenoor hom, soos blyk uit die volgende stelling: 'Die eskatologie in die Nuwe Testament is nie gerealiseerd nie (C H Dodd), nòg konsekwent (Albert Schweitzer). Die spanning tussen reeds vervul en die nog nie voleindig nie van die Koninkryk, was van die begin af aanwesig' (Van Rensburg 1970b:24; vgl 1967c, 1940-1945). In bogenoemde lesings maak hy ook gebruik van verwysings na apokriewe literatuur soos 4 Esra, Joodse Targums en die Qumranliteratuur.

Hy was nie 'n chilias nie (vgl Van Rensburg 1946).

## 7. 'N TEOLOGIE VAN DIE NUWE TESTAMENT OF TEOLOGIEë IN DIE NUWE TESTAMENT?

In die Nuwe-Testamentiese Wetenskap, soos seker ook maar in baie ander vakgebiede, is dit interessant om waar te neem hoe ou en skynbaar afgehandelde probleme herlewe. Dit laat 'n mens soms aan 'n eb en vloed dink. So skryf Van Rensburg in 1966 in dieselfde artikel waarna so pas verwys is (Van Rensburg 1966:60) die volgende:

> Verder word die Nieu-Testamentiese Teologie van ons tyd hierdeur gekenmerk dat daar tans meer nadruk gelê word op die wesenlike eenheid in die kerygma van die Nuwe Testament. Die voorafgaande tyd het die nadruk laat val op die verskeidenheid in die leerinhoud van die Nuwe Testament, sodat in leerboeke agtereenvolgens verskillende teologieë beskryf is (bv Sinopties, Johanneïes, Paulinies, ens).

Hy vervang in sy tyd handboeke wat met sulke verskillende teologieë in die Nuwe Testament werk, soos byvoorbeeld Holtzmann en Feine, met ander handboeke wat die wesenlike, die gemeenskaplike, die eenheid van die Nieu-Testamentiese verkondiging op die voorgrond stel (hier verwys hy vermoedelik na werke soos dié van Richardson [1966] – vgl Van Rensburg 1966:60). Die latere werk van Kümmel (1969) sou seker ook in dieselfde kategorie val. Sedertdien, nie baie jare na die afsterwe van Van Rensburg nie, het die pendulum weer geswaai en is dit ook in die Afrikaanse teologiese vakliteratuur niks snaaks om van verskillende teologieë (meervoud!) in die Nuwe Testament, soos ook in die Ou Testament te hoor nie (vgl Du Toit 1980; Roberts e a 1991; Boers 1979). Dat daar grond vir so 'n onderskeid binne die Nuwe Testament is, staan vas. Terselfdertyd is daar by meer as een 'n behoefte daaraan dat al die aandag nie (skynbaar?) net op die verskille gekonsentreer word nie, maar dat ook die raakvlakke raakgesien en geëvalueer moet word. Dit is tog ondenkbaar dat geskrifte wat nét van mekaar verskil ten opsigte van belangrike sake en in geen enkele opsig met mekaar ooreenstem nie, reeds soveel eeue lank saamgebundel en deur miljoene mense as normatief vir hulle geloof aanvaar sou word, selfs nou nog in hoogs ontwikkelde akademiese kringe!

In sy helder en sistematiese klasaantekeninge vir BD-studente oor die Teologie van die Nuwe Testament, maak Van Rensburg die volgende stelling:

> Die middelpunt van alle Nuwe-Testamentiese Teologie is nie een of ander sleutelgedagte of filosofiese idee nie, maar is die historiese gestalte van Jesus Christus wat gely het onder Pontius Pilatus...opgestaan het uit die dode.

> Dit is Hy wat deur sy persoon en werk die allessaambindende eenheid is. Die Bybelse eenheid grond sig op die openbaring van God. Die buite-Bybelse godsdienste is religie, skeppinge van die menslike gees (Katabaties – van bo na onder; anabaties – van onder na bo).
>
> (Van Rensburg 1970b:3)

Iets van sy kanonbeskouing blyk ook uit die volgende opmerking: 'Die kerk het reg gedoen deur die Nuwe-Testamentiese geskrifte af te sluit met Johannese geskrifte [einde eerste eeu] aangesien die geskrifte ná Johannes [tweede eeu] reeds die spore begin dra het van invloede van die Griekse en Oriëntalistiese wêreld' (Van Rensburg 1970b:4).

## 8. VAN RENSBURG SE TEOLOGIESE PLEK IN SY TYD

Dit is baie problematies om Van Rensburg se teologiese plek in sy tyd en in die wêreld te bepaal. In negatiewe terme gestel, kan gesê word dat hy nie 'n metodis was nie, nie 'n fundamentalis in die sin dat hy bang was vir die wetenskaplike ondersoek van die Skrif nie en ook nie in die sin dat die Bybel in die praktyk ondergeskik aan die kerklike belydenisskrifte gemaak is deurdat sy eksegese van die Skrif noodwendig die belydenisskrif moes napraat nie (vgl Van Rensburg 1959:6-7). Andersyds was hy kerklike teoloog wat as Christengelowige die Bybel wou bestudeer om deur middel van dié arbeid diensbaar aan die Heer van die kerk te wees. 'n Hooghartige houding teenoor die resultate van die wetenskaplike bestudering van die Bybel enersyds, of teenoor die kerklike belydenisskrifte as uitdrukking van die kerk se verstaan van die Skrif oor bepaalde sake andersyds, was vreemd aan Van Rensburg. Dit was net nie sy styl of ingesteldheid nie.

Dit is 'n voorreg om langs hierdie weg dank te betuig vir die lewe en werk van 'n man wat gelowig, dankbaar en gehoorsaam die Heer van die kerk gedien het!

### Literatuurverwysings

Boers, H 1979. *What is New Testament Theology?: The rise of criticism and the problem of a Theology of the New Testament*. Philadelphia: Fortress.

Botha, S J 1967. Na vyftig jaar 1930-1967, in *Gedenkalbum van die Teologiese Fakulteit (Afd A) van die Universiteit van Pretoria 1917-1967*, 24-38. Krugersdorp: NHW Pers.

Cullmann, O 1957. *Die Christologie des Neuen Testaments*. Tübingen: Mohr.

Dreyer, A J G 1972. Prof dr S P J J van Rensburg. *Die Hervormer* Mei 1972 63/2, bl 9.

Du Toit, A B (red) 1980. *Die Sinopties Evangelies en Handelinge: Inleiding en Teologie*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Kümmel, W G 1969. *Die Theologie des Neuen Testaments nach seinen Hauptzeugen: Jesus, Paulus, Johannes*. Göttingen: Vandenhoeck. (NTD Grundrisse zum NT.)

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 1962. Kommissie van die Algemene Kerkvergadering. Notules van die verhoor van die klag teen prof A S Geyser vanaf 24 Oktober 1961 tot 8 Mei 1962. Pretoria: NHKA.

--- 1962. Kommissie van die Algemene Kerkvergadering 1961-1962. Transkripsie van bandopnames van Geyser-verhoor. Pretoria: NHKA.

--- 1992. *Almanak en Bybelse dagboek* 86. Pretoria: Gutenberg.

Pelser, G M M 1971. Die Carmen Christi Pil 2:6-11: 'n Eksegeties-Christologiese ondersoek. Ongepubliseerde doktorale proefskrif, Universiteit van Pretoria.

Pont, A D 1991. Gesprek op 3 September.

Richardson, A 1966. *An Introduction to the theology of the New Testament*. 3rd impression. London: SCM.

Roberts, J H e a (reds) 1991. *Teologie in konteks*. Halfway House: Orion.

Sevenster, G 1948. *De Christologie van het Nieuwe Testament*. 2de druk. Amsterdam: Holland Uitgeversmaatschappij.

Taylor, V 1962. The Names of Jesus. London: McMillan.

Van Rensburg, S P J J 1940-1945. Die Christelike toekomsverwagtinge. *Die Hervormer* 30-10-1940, 31/68, bl 19-21; 21-01-1941, 31/71, bl 9-11; 21-03-1941, 32/73, bl 11, 12; 22-03-1943, 34/1, bl 9; 20-08-1945, 36/6, bl 15, 17-18; 20-10-1945, 36/8, bl 9-11; 20-12-1945, 36/10, bl 13-16.

--- 1943. Die kerkbegrip in die Nuwe Testament. *Die Hervormer* April 1943, 34/2, bl 9, 11; Julie 1943, 34/5, bl 17.

--- 1946. Die Millennium. *HTS* 3/1 & 2, 24-36.

--- 1958a. Hagios in die Nieu-Testamentiese Voorstelling. Ongepubliseerde doktorale proefskrif, Universiteit van Pretoria.

--- 1958b. Boekbespreking: C H Dodd. De apostoliese prediking en haar ontwikkelingsgang (Engelse vertaling). *Die Hervormer* Okt 1958, 49/7, bl 24.

--- 1959. Calvyn as eksegeet. *Die Hervormer* Mei 1959, 50/20, bl 6, 7.

--- 1961. Ongepubliseerde notas.

--- 1965a. Kerk, die eenheid en die grens van die kerk. *HTS* 21/2 & 3, 31-38.

--- 1966. Een en ander oor die ontwikkeling van die Nuwe-Testamentiese wetenskap die afgelope vyftig jaar. *HTS* 22/4, 48-61.

--- 1967a. Sanctification according to the New Testament. NTSSA 20, 73-87.

--- 1967b. Die Messias in die Saligsprekinge. Intreerede op 23 September 1966. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Publikasies van die Universiteit van Pretoria. Nuwe Reeks Nr 39.)

Van Rensburg, S P J J 1967c. Sin van die Nieu-Testamentiese eskatologie. *HTS* 23/4, 108-120.
--- 1970a. Heiliging volgens die Nuwe Testament. *HTS* 26/1 & 2, 18-28.
--- 1970b. Klasaantekeninge vir studente: Die sentrale plek van die Christologie in die denke van die eerste Christene. Universiteit van Pretoria.

Ander literatuur deur en oor S P J J van Rensburg

Almanak van die Nederduits Hervormde Kerk van Afrika 1935. Jrg 29, bl 142-144.
Almanak en Bybelse Dagboek van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 1966. Jrg 60, bl 242-243, 348.
--- 1969. Jrg 63, bl 379-383.
--- 1975. Jrg 69, bl 47.
--- 1982. Jrg 76, bl 40.
--- 1992. Jrg 86, bl 42-43, 155.
Die Hervormer Februarie 1934. Jrg 24/12, bl 3.
--- Maart 1936. Jrg 27/17, bl 8.
--- Oktober 1937. Jrg 28/32, bl 6.
--- Junie 1939. Jrg 30/52, bl 6.
--- April 1940. Jrg 31/62, bl 2.
--- Julie 1942. Jrg 33/5, bl 1.
--- April 1949. Jrg 40/2, bl 8.
--- Maart 1948. Jrg 39/1, bl 3.
--- Maart 1950. Jrg 40/12, bl 12.
--- Mei 1950. Jrg 41/2, bl 3.
--- Oktober 1952. Jrg 42/7, bl 3, 6.
--- Oktober 1955. Jrg 46/7, bl 16, 17, 20.
--- Desember 1955. Jrg 46/9, bl 4.
--- April 1959. Jrg 50/1, bl 15.
--- April 1959. Jrg 50/11, bl 25.
--- Augustus 1961. Jrg 52/5, bl 3.
--- Oktober 1962. Jrg 53/7, bl 13.
--- Maart 1963. Jrg 53/12, bl 16.
--- September 1964. Jrg 54/6, bl 14-15.
--- September 1965. Jrg 56/6, bl 12-13.
--- Mei 1972. Jrg 63/2, bl 9.
Die Hervormer Junie 1972. Jrg 63/3, bl 13.

Van Rensburg, S P J J 1959a. I Sendbrief van Petrus, II Sendbrief van Petrus, die Sendbrief van Judas, in Geldenhuys, J N (red), *Die Bybel met verklarende aantekeninge Deel III: Matteüs tot Openbaring*, 678-704, 724-730. Kaapstad: Verenigde Protestantse Uitgewers.

--- 1961. Nieu-Testamentiese getuienis aangaande die nederdaling van Christus na die hel. *HTS* 17/2, 3 & 4, 91-102.

--- 1964. Wet en evangelie volgens Paulus. *Van der Hoff Jaarblad* 11:19-21, 48-49.

--- 1965b. Die onvergeeflike sonde. *HTS* 21/1, 1-16.